



# education

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

**GRAAD 12**

**DRAMATIESE KUNSTE**

**FEBRUARIE/MAART 2010**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 50 bladsye.**

**AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER****BEANTWOORD EEN VRAAG:****VRAAG 1: EPIESE TEATER****OF****VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE****VRAAG 1: EPIESE TEATER**

Hierdie vraag verwys na *Kaukasiese Krytsirkel* ÓF *Moeder Courage* ÓF *Kanna Hy Kô Hystoe*.

KATEGORIE	PUNTE (%)	BESKRYWERS (BEWYSE)
<b>Uitstaande prestasie</b>	<b>18 – 20</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.</li> <li>• Toon 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk, in oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit.</li> </ul>
<b>Verdienstelike prestasie</b>	<b>16 – 17</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>• Toon 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk.</li> <li>• Gebruik van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Toon insig, waarneming en kennis – goed uiteengesit.</li> </ul>
<b>Bevredigende prestasie</b>	<b>14 – 15</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur.</li> <li>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.</li> <li>• Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, sommige stellings toon insig.</li> </ul>
<b>Voldoende prestasie</b>	<b>12 – 13</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en stereotipe antwoorde te verskaf.</li> <li>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, voel gememoriseerd.</li> </ul>
<b>Middelmatige prestasie</b>	<b>9 – 11</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Beperkte seleksie van inligting en swak taalvaardigheid kan 'n bydraende faktor wees.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeeld nie.</li> </ul>

<b>Elementêre prestasie</b>	<b>6 – 8</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ongestruktureerd, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied.</li> <li>• Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeeld nie.</li> </ul>
<b>Onvoldoende</b>	<b>0 – 5</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede.</li> <li>• Irrelevant.</li> <li>• Eenvoudige frases of woorde wat toon dat die kandidaat iets geleer het, maar nie verstaan het nie.</li> </ul>

**Die volgende antwoorde is voorgestelde antwoorde. Die kandidaat mag ander antwoorde aanbied of voorbeeld gee indien dit geldig is. Die eksaminator moet die kandidaat se ervaring en antwoord in ag neem.**

Brecht het sy werk in die Duitse teater begin en baie van sy vroeë skryfwerk is deur die Ekspressionist beïnvloed. Hy het egter hulle sielkundige en emosionele verduidelikings van die mens se gedrag verwerp. Hy het voortgegaan om sy eie idees te ontwikkel, wat Marxisties in filosofie was.

Hy het geglo dat die ou teater se nuttigheid verval het, omdat dit die toeskouer tot die rol van passiewe kyker verlaag het. In hierdie tipe teater is gebeure vas en onveranderlik. Die toeskouer kan dus net in 'n gehipnotiseerde en nie-kritiese manier toekyk.

Brecht wou 'n duidelike onderskeiding tref tussen wat hy as teater van 'illusie' sien, wat jy 'dramaties' noem, en sy Epiese Teater. Hy het Dramatiese Teater gekritiseer omdat dit die gehoor in 'n droomwêreld intrek, waar hulle totaal empaties is teenoor die gebeure in die drama en waarin probleme altyd opgelos word. Hy wou hê sy gehoor moet oplettend wees en die teater verlaat met 'n bewustheid dat hulle die probleme wat hy in die drama aanbied, moet oorweeg, en iets omtrent hierdie probleme in die werklikheid doen.

Alhoewel hy nie emosie in die lewe en teater verwerp het nie, het hy die empatie gekritiseer wat volgens hom alle rede oorskadu wanneer na 'n sentimentele drama gekyk word. Hy het geglo dat die gehoor hulle kritiese bewustheid moet behou van die sosiale realiteit agter enige emosionele toestand. Hy wou dus hê die gehoor moet produktief na die drama kyk.

Hy het geglo dat teater nie kontemporêre materiaal op 'n lewensgetroue manier moet hanteer nie. Die teater moet eerder die handeling wat dit aanbied, vreemd maak. Sy hoofdoel was om terselfdertyd te vermaak en te onderrig. Daarom moet die toeskouer 'vervreem' word van die drama se gebeure.

Een manier om dit te doen was deur Historifikasie, wat beteken om materiaal uit ander tye en plekke te neem, en om die drama in die verre verlede of 'n plek verwyder van die gehoor se realiteit te laat afspeel. Dit hou die gehoor krities oor wat hulle kyk, terwyl dit hulle toelaat om ooreenkoms te vind met die hede.

'n Voorbeeld is *Die Kaukasiese Krytsirkel* wat in die murasies van 'n bomverwoeste Kaukasiese dorpie afspeel. Die dramaturg moet die gevoel in die toeskouer wek asof hy/sy onder die omstandighede in die drama geleef het, dat hy 'n positiewe aksie sou neem en dinge anders sou doen. Daar is dikwels 'n storieverteller wat die gehoor direk aanspreek en daarmee die 'vierde muur' af te breek wat in Realisitese teater geskep word. Die verteller verwys na veranderinge in plek en tyd, beskryf sekere gebeure en wys ander. 'n Hele historiese periode kan in een sin gedek word. Historifikasie verwys nie slegs na die historiese ligging van die aksie nie, maar ook na die geografiese ligging. Hierdie dramas sluit dikwels verskeie liggings in.

'n Ander tegniek wat gebruik word om afstand tussen die gehoor en die gebeure op die verhoog te skep, was vervreemding, of Verfremdungseffekt, waar die dramaturg doelbewus die aandag vestig op die verbeeldingsaard van die werk, eerder as om die gehoor te oortuig dat wat hulle kyk, realiteit is. Dit verwys ook na die manier waarop Brecht verzekер het dat sy gehoor se empatie opsy gesit word sodat hulle krities bly oor die gebeure waarna hulle kyk. Dit stel hulle in staat om sosiopolitieke en morele kwessies in die drama en die wêreld waarin hulle woon, te bekou. Brecht het alle aspekte van produksie gebruik om die V-effek te bereik, insluitend epiese struktuur, historifikasie, verhoogplasing en toneelspeltegnieke. Hy het die volgende gebruik om vervreemding te skep.

- Vertellers/akteurs praat direk met die gehoor en die aktuers praat in die derde persoon – Simon se in KKS "Sê die jong dame dat iemand te laat gekom het"
- Meganika van die teater is duidelik sigbaar vir die gehoor.
- Beligtingsinstrumente is sigbaar, en ligte in die ouditorium word vir die duur van die drama aangelaat.
- Verandering van stelle terwyl die gehoor toekyk, plasing van musikante op die verhoog.
- Gebruik plakkate- dit gee 'n opsomming van die verskillende dele van die drama.
- Gebruik filmskyfies/foto's/prente en 'n reeks projeksies.
- Gebruik 'n fragmentele stel.
- Gebruik liedjies wat deel van die aksie is en breek enige konitnuïteit tussen dialoog en sang.
- Musiekstyl kan teenoor die inhoud van die lirieke staan.
- Stelontwerper ignoreer die 'vierde muur' en werk meestal met 'n leë verhoog.

Brecht noem sy teater epies omdat hy sy werk van tradisionele teater wou onderskei. Volgens hom het sy teater ooreengestem met die epiese gedig, meer as die drama van die verlede. Die epiese storie word uit die oogpunt van 'n enkele storieverteller aangebied. Die epiese gedig het byna volkome vryheid in verandering van plek en tyd, dit oorbrug lang tydperke in 'n enkele sin of 'n kort narratiewe passasie. Hierdie struktuur laat tydspronge toe, wat die ondersoek van 'n proses en 'n stel gebeure aanmoedig, eerder as om op een uitkoms te konsentreer. Die Epiese drama is gestruktureer as 'n montage van onafhanklike insidente (episodes wat volledig in hulself is), wat volgens Brecht verskille op so 'n manier kan verbind sodat mense tot nuwe erkennings en begrip 'geskok' word. Elke toneel het 'n geskrewe subtitel gehad en is vervang met 'n nuwe een as die toneel verander het. In *Kaukasiese Krytsirkel* het ons 'Die stryd om die Vallei', 'Die Edele Kind' enovoorts. Vir Brecht was montage 'n effektiewe tegniek om sy gehoor bewus en oplettend te hou.

In *Kanna Hy Kô Hystoe* (van hieraf: KHKH) kan die volgende epiese beginsels geïdentifiseer word deur voorbeeld uit die teks te noem:

- doeblering van karakters,
- klank- en belightingseffekte, (nie-realisties)
- nie-realistiese dekor,
- simultaantonele,
- invoeging van sang en vers,
- gesprek-verby-'n-gesprek,
- dialoog met die alter-ego,
- verdeling van die handeling in sewe episodes

Die klem in KHKH val op die gebeure, die storie, die ellende en hartseer van die hele gemeenskap. Die epiese element word verder uitgebou deur Adam Small se gebruik van besonder dramatiese vertelsituasies waardeur die geweld, byvoorbeeld die verkragtings, die selfmoord van Jakop en Kietie se dood aan die gehoor oorgedra word sonder dat die handeling self fisiek uitgevoer word.

Die karakters lewer sosiale kommentaar deur die storie van hul lewens te vertel. Daar is nie psigologiese prosesse by die meeste karakters te bespeur nie, maar die storie en hul boodskap is die primêre fokus. Die teks se funksie is dus om die gehoor van 'n sosiaal-politiese situasie bewus te maak en te onderrig en nie primêr om te vermaak nie. Daar word van die gehoor verwag om betrokke te raak en 'n oordeel te maak en 'n positiewe verandering in die sosiale omstandighede te maak. Ander elemente van die epiese teater word in KHKH geïdentifiseer en wel die elemente kenmerkend van die Middeleeuse sowel as die Moderne epiese teater.

### **Middeleeuse Epiese Drama**

Die struktuur van KHKH toon 'n verwantskap met die Middeleeuse Epiese teater op die volgende maniere:

- Die vorm van die drama, veral die eksposisie (expositor ludi soos dit in die Middeleeuse drama bekend staan)
- die achronologiese opeenvolging van tonele
- en die sentrering rondom twee figure, Kanna en Makiet

Die eerste episode in KHKH begin met Jakop, die straatprediker wat die vers "Wáár is Moses?" met kitaarbegeleiding sing. Jakop stel die verwagting van sy mense sentraal. Hierdie verwagting funksioneer ironies in die lig van die vergeefse beroepe op Kanna. Die verteller (stem) stel die karakters voor en gee 'n kort opsomming van die gebeure voor Kanna se vertrek en besluit: "Hulle het vir Kanna gewag, deur die jare gewag dat hy moet huis toe kom". Die epiese raamwerk van die drama word deur die onsigbare stem ingelei.

Hierdie eksposisie wat, soos die Middeleeuse epiese teater, ná die proloog verdwyn, dui die aard van die verhaal aan, stel die karakters voor, skets hul agtergrond en verraai selfs iets van die struktuur van die drama.

### Moderne Epiiese Teater

In die Middeleeuse epiese drama word daar duidelik onderskei tussen vertellers en akteurs. In die moderne weergawe van die epiese drama, word die vertellersfunksie (die verteller) deur een of meer van die akteurs self vervul - so ook in KHKH. Ná die proloog (Episode 1) word die neutrale, onpersoonlike vertellende Stem nie meer gehoor nie; die Stem word nou vlees in verskeie karakters en veral in twee, naamlik Makiet en Kanna. Vanaf die tweede episode begin die dramatiese handeling. Die verteller se funksie is afgehandel en die verskillende insidente word óf ingelei deur die dooie Makiet óf deur Kanna wat as't ware met die gehoor praat om die gebeurtenisse in verband te bring.

Makiet en Kanna word dus vanaf die tweede episode die sentrale ervarende karakters. (Kandidaat moet spesifiek verwys na die Epiese teks wat hulle bestudeer het.

(20)

- 1.2      1.2.1 storielyn
- 1.2.2. episodies
- 1.2.3 demonstreer
- 1.2.4 vervreemding
- 1.2.5 distansieer
- 1.2.6 objektief
- 1.2.7 ligte
- 1.2.8 stels
- 1.2.9 gehoor
- 1.2.10 historifikasie

(10)

Ordevlak	Moeilikheids-vlak	Persentasie	Punte	Vrae & Punte
<b>Analise/Sintese/Evaluering</b>	Hoër Orde	0	7	2.1(7)
<b>Toepassing</b>	Middel Orde	0	10	2.1(10)
<b>Kennis en begrip</b>	Laer Orde	0	13	2.1(3) 1.2.1-1.2.10 (10)

LO 3	AS 1	AS 2	AS 3
1.1	4	12	4
1.2		10	

[30]

## VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

Hierdie vraag verwys na *Afspraak met Godot* OF *The Bald Soprano* OF *Bagasie*.

2.1 Verwys na die rubriek en die voorgestelde antwoord om jou 'n die nasienproses te lei.

Kategorie	Punte%	Beskrywers (Bewyse)
<b>Uitstaande prestasie</b>	<b>18 – 20</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur.</li> <li>• Toon 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite.</li> <li>• Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings.</li> <li>• Insig, vloeiend, observasie en kennis word treffend uiteengesit.</li> </ul>
<b>Verdienstelike prestasie</b>	<b>16 – 17</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur.</li> <li>• Toon deur 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk.</li> <li>• Gebruik van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Toon insig, waarneming en kennis – goed uiteengesit.</li> </ul>
<b>Bevredigende prestasie</b>	<b>14 – 15</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Georganiseerd, omvattend, 'n bevredigende vlak van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die struktuur.</li> <li>• Interessante aanbieding, duidelike stellings, oortuigend, eenvoudige taalgebruik.</li> <li>• Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Toon 'n goeie begrip van die tema/taak, sommige stellings toon insig.</li> </ul>
<b>Voldoende prestasie</b>	<b>12 – 13</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Demonstreer 'n basiese begrip, maar is geneig om ondeurdagte en stereotipe antwoorde te verskaf.</li> <li>• Genoegsame seleksie van relevante dramaverwysings.</li> <li>• Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie, voel gememoriseerd.</li> </ul>
<b>Middelmatige prestasie</b>	<b>9 – 11</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie.</li> <li>• Beperkte seleksie van inligting en swak taalvaardigheid kan 'n bydraende faktor wees.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeeld nie.</li> </ul>
<b>Elementêre prestasie</b>	<b>6 – 8</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ongestrukeerd, beperkte woordeskaf, min poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied.</li> <li>• Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant.</li> <li>• Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeeld nie.</li> </ul>
<b>Onvoldoende</b>	<b>0 – 5</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede.</li> <li>• Irrelevant.</li> <li>• Eenvoudige frase of woorde wat toon dat die kandidaat iets geleer het, maar nie verstaan het nie.</li> </ul>

**Die volgende antwoord is voorgestelde antwoord. Die kandidaat mag ander antwoord aanbied of voorbeeld gee indien dit geldig is. Die eksaminator moet die kandidaat se ervaring en antwoord in ag neem.**

2.1 Absurdisme was 'n teaterreaksie op die tye. Na 1945 en die Tweede Wêreldoorlog, het die lewe betekenisloos geword en 'n algemene gevoel van hopeloosheid en nutteloosheid het baie mense in die wêreld oorval. Godsdienstige geloof is geruk en die mens het homself in 'n wêreld sonder God bevind, omdat al die 'onverskuifbare' waarhede wat die mens so lank gedien het, geen basis meer gehad het behalwe die feit dat iemand in dit geglo het nie. Die gruwelade van die Tweede Wêreldoorlog soos die uitwissing van ses miljoen Jode, die atoombomaanval en die vernietiging wat daarop gevolg het, het veroorsaak dat mense hul waardes en oortuigings bevraagteken het.

Absurde dramaturge is ook deur die eksistensialistiese filosowe beïnvloed wat die lewe as onlogies, nutteloos, arbitrêr en wreed beskou het. Absurdistiese dramaturge weerspieël hierdie gevoel van leegheid, misnoëë en futiliteit in hul dramas deur hul karakters, die vorm en struktuur van hulle dramas en hulle temas en toneelskikking.

Die Teater van die Absurde het nie enige van die kenmerke van die 'well-made play' nie. Wat struktuur betref, is daar geen krisis en klimaks nie, geen ontdekings en omkerings, geen afgeronde en volledig ontwikkelde karakters nie. Die plot van Absurde dramas hou nie by die tradisionele struktuur en vorm nie. Dramatiese teater toon 'n eenheid in tyd, aksie en plek. In die teater van die absurde is eenheid van aksie, tyd en plek egter misplaas om 'n wêreld sonder harmonie te weerspieël. Dit is nie logies en lineêr nie, maar sikiës en herhalend om aan te dui dat 'n lewe sonder betekenis nie fokus kan hê of na 'n sekere doelwit kan beweeg nie. 'n Sikiëse struktuur kommunikeer die gebrek aan werklike vordering of oplossing. Absurde drama is nie gemoeid met die voorstelling van waardes, die vertel van 'n storie of die uitbeeld van 'n karakter nie, maar eerder met die voorstelling van individue in 'n situasie. Die struktuur gee die gehoor die ervaring van lewe in 'n betekenislose heelal, dikwels deur 'n sikiëse patroon te volg – soos in *Afspraak met Godot*.

#### **Algemene teams in Absurdistiese dramas. Die volgende word onthul:**

- Ervaring van tydelikheid en verganklikheid (tyd)
- Gevoel van die tragiese moeisaamheid om van jouself bewus te word in die ongenaakkbare proses van hernuwing en vernietiging wat met die verandering van tyd gebeur.
- Moeisaamheid van kommunikasie tussen mense (taal)
- Oneindigende soektog na realiteit in 'n wêreld waar alles onseker is en die skeidslyn tussen droom en waarheid die heeltyd skuif.
- Die tragiese aard van alle liefdesverhoudings en die selfmisleiding van vriendskap
- Die mens se vrees vir die totale betekenisloosheid, totale vormloosheid van die heelal en al die gebeure waaruit dit bestaan.
- Die mens is alleen, verlore in 'n wêreld waarin God hom verlaat het.
- Wetenskap en rede is denkbeeldig
- Die natuur het wraak geneem
- Die enigste sekerheid is die dood, en dit is net die finale aksie van absurditeit
- Kommunikasie is nie meer moontlik nie

## Temas in *Die Kaalkop Prima Donna*

### Absurditeit

Absurde temas is volop in *Die Kaalkop Prima*. Die belangrikste in Ionesco se drama is die idee dat orde geneig is om tot chaos te verval (entropie). Hierdie ineenstorting word in die spraak van die karakters weerspieël wat deur die verloop van die drama meer en meer disfunksioneel word, en uiteindelik tot die totale afbreek van taal as 'n volhoubare/effektiewe middel van menselike kommunikasie lei.

Chaos word ook uitgebeeld deur die karakterisering, of, meer korrek, die awesigheid daarvan. Die mensdom word verminder tot die Smiths en die Martins wat by tye baie soos poppe optree wat arbitrière frases spreek as hul opnames geaktiveer word. Die Smiths en Martins is siellose, hol oorblyfsels van karakters wat verlaag is om slegs 'n tipe angs oor hul ontbrekende of deurmekaar identiteite te vertoon.

Die opmerkings van die karakters is dikwels onvanpas, teenstrydig, of totaal sonder betekenis, veral aan die einde, wanneer die Martins en Smiths amper manies in hul woede raak soos wat taal tot woordfragmente verval. Wat hulle onthul is een van die belangrikste absurde temas: die moderne onvermoë van mense om by mekaar aansluiting te vind op 'n outentieke of eerlike manier.

### Taal en Beteenis

*Die Kaalkop Prima Donna* is 'n 'tragedie van taal' wat handel oor die geleidelike verlies van die kommunikatiewe funksie tot hol frases en betekenislose clichés.

Aan die einde van die drama breek die dialog op in 'n reeks onlogiese gevolgtrekkings, wat suggereer dat rasionele gesprek onmoontlik geword het, dat relevante gedagtes nie eers verder as 'n enkele sin of twee volgehou kan word nie. Die Martins en Smiths tuimel eenvoudig deur onverwante en hol clichés voordat hulle in 'n tipe sillabiese gebabbel verval. Woorde degenerer tot blote voorwerpe, wat soos 'n tert in 'n 'gratis-vir-almal' rondgegooi word.

### Vervreemding en Eensaamheid

Ionesco beklemtoon beide die verlies van 'n persoonlike identiteit en sosiale en familiële vervreemding. Sy karakters word vervreem, nie omdat hulle sensitiewe wesens in 'n vyandige of onpersoonlike wêreld is nie, maar omdat hulle geen individualiteit het nie. Hulle word nie meer net deur masjiene bedreig nie, hulle het gekonformeer tot middelklaswaardes soos gekodifiseer in geykte uitdrukkings en rigide gedragspatrone. Hulle stem te veel ooreen om persoonlike identiteite te hê, en daarom maak dit nie veel saak of hulle, soos die Smiths, nie noemname het nie. Hulle vervreemding is heeltemal die gevolg van 'n totale gebrek aan 'n persoonlik identiteit, wat hulle selfs as gevolg van hul taal nie kan vestig nie. Hulle is eenvoudig nie in staat tot indringende, individuele denke nie.

### Identiteit

Aan die begin van *Die Kaalkop Prima Donna*, beklemtoon Ionesco die tipiesheid van sy karakters in sy herhaalde stelling van hulle en hul wêreld wat 'Engels' is. Die eerste karakters waarmee kennis gemaak word, word 'Smith' genoem, 'n baie algemene Engelse van, wat ook die paartjie se konvensionele aard aandui. Hierdie figure het geen diskrete selfbewusstheid nie.

Verder oordryf Ionesco herhaaldelik sy karakters se gebrek aan selfbewustheid verby 'n eenvoudige stereotipe. Die Martins kan byvoorbeeld nie eers mekaar as man en vrou erken nie, en moet deur 'n herhalende deduktiewe proses gaan om hul verhouding vas te stel. Selfs dan word hulle identiteite bevraagteken deur wat Mary onthul, wat die gehoor ietwat verwarr.

Die enigste aanduiding van 'n ander identiteit word volgens seksuele en klasaspekte onderskei, en selfs dan is dit doelbewus dubbelsinnig. Mev. Smith vir die huishouding verantwoordelik is, sinspeel sy op mnr. Smith se tekortkominge as 'n man. Hy kla op sy beurt oor vroue wat soos mans optree. Dwarsdeur die drama sentreer die karakters se angs blykbaar om bedreiging, nie van hul individualiteit nie, maar net van hul rolle soos deur geslag en klas vasgestel.

### Tyd

Indien taal geleidelik alle betekenis verloor in *Die Kaalkop Prima Donna*, word tyd, soos deur die Smiths se Engelse horlosie gemeet, onmiddelik so onreëlmataig dat dit niks beteken nie. Voordat mev. Smith die eerste keer praat, lui die horlosie sewentien keer, wat haar laat aankondig dat dit 9-uur is. Daarna lui dit so min as een en soveel as nege-en-twintig keer in 'n toevallige, deurmekaar volgorde. Volgens die verhoogaanwysings lui dit 'soveel keer as wat dit wil' asof dit 'n lewendige voorwerp is, totaal buite menslike beheer.

Tyd in die drama het sy doel verloor – dit verteenwoordig nie meer 'n logiese volgorde in 'n ruimtelike dimensie nie.

### Geslagsrolle

Selfs 'n betroubare identiteit gebaseer op geslag word ondermyn in *Die Kaalkop Prima Donna*. Rolonderskeidings verswak met die verloop van die drama. Vroeg in die drama beskuldig mnr. Smith sy vrou dat sy simpel vrae vra, wat sy oortuiging aandui dat sy verstand beter is as hare en dat haar vermoë om te redeneer ernstig beperk word omdat sy 'n vrou is, 'n irrasionele 'romantikus'. As die Brandweerhoof mnr. Smith egter besoek, erken hy dat sy vrou meer intelligent as hy is, en selfs 'baie meer vroulik', wat suggereer dat daar 'n vroulik kant aan sy karakter en gedrag is. Mev. Smith sê dieselfde as sy kla oor mans wat lipstiffie op hulle lippe gebruik en heeldag rondsit en drink. Sy laat ook deurskemer dat mnr. Smith nie die 'sout' van die aandsop werd is nie, 'n vermomde beleidiging van haar man se gebrekkige manlikheid. Verder is sy seksueel die agressiefste van die twee. Sy flankeer met die Brandweerhoof en mnr. Martin, wat haar behoefté kan aandui om 'n seksuele identiteit te vestig wat haar antmannde man haar ontneem het.

### Klaskonflik

Die Smiths en Martins het 'n klasbewustheid wat deur Mary, die Smith's se bediende, uitgedaag word. Mary is 'n bedreiging vir hulle omdat sy moedswillig en sonder respek is, en nie lyk of sy haar plek ken nie. Die paartjies word kwaad en selfgeregtig wanneer Mary tydens die Brandweerhoof se besoek vra om 'n storie te vertel. Hulle vind haar versoek vermetel en onvanpas, en al slaag Mary daarin om haar gedig tot eer van die die Hoof voor te dra, word sy in die proses van die verhoog afgedwing.

## Temas in *Afspraak met Godot* (candidate ma gander temas noem wat gemotiveer word)

### Die vyandigheid van die heelal

In *Afspraak met Godot* beeld Beckett die wêreld uit as 'n koue, passielose, stil ruimte van onsekerheid. Binne hierdie konteks word Beckett se idees van die lewe aangebied dat alle dinge uiteindelik tot 'n einde moet kom.

### Dood

Die idee van die dood in die drama word op 'n paradoksale manier aangebied. Aan die een kant is die dood die mens se grootste vyand, 'n einde aan alles. Aan die ander kant is dit die enigste ontsnapping of manier van ontsnapping uit die vyandige heelal.

Die absurditeit van die dood word verder beklemtoon aan die einde van Bedryf Een wanneer Vladimir en Estragon selfmoord oorweeg omdat hulle niks meer het om te doen nie. Die sentrale boodskap word vroeg in die drama deur Estragon se woorde ingelei: 'Niks om te doen nie.' Dit impliseer dat in plaas daarvan om vir vandag te lewe, is die mens gedurig besorg oor wat in die toekoms sal gebeur en dit is dus nie 'n verrassing dat hy sy lewe wegwens nie.

### Hoop

Die konsep van hoop kom waar die twee hoofkarakters wat, alhoewel bevrees en onseker oor hul situasie, bereid is om te wag vir iemand om betekenis en doel aan hul lewe te bring. Die karakters wag vir 'n teken wat aandui dat hulle van die dood vrygeskeld word en dat daar inderdaad 'n toekoms sal wees.

### Verlies van kommunikasie

As gevolg van hulle geheueverlies, kan die karakters nie oor die verlede praat nie. Hulle pogings om hul situasies te hanteer lei tot die gebruik van taal en logika wat meganies en sinloos is. Ten spyte van baie prattery, ontdek ons aan die einde van die drama dat hulle eintlik baie min gesê het. Die oomblikke van stilte saam met uitinge wat van volledige sinne tot enkele, monosyllabiese woord en uitroepे verval, toon die afwesigheid eerder as die aanwesigheid van natuur en kultuur.

### Fisiiese en verstandelike afteruitgang

Beide Vladimir en Estragon ly aan fisiese en geestelike versteurings. Dit is 'n aanduiding van die onvermoë van die menslike liggaam om behoorlik te funksioneer. Die hartseer realiteit is dat hulle dit moeilik vind om enigiets te onthou, en as hulle hul omgewing identifiseer, laat dit die liggaam soos 'n onbetroubare masjien lyk.

### Kapitalisme

Die tema van kapitalisme, wat deur middel van ondertone en geïmpliseerde stellings na vore kom, verryk die idee dat wêreldeffekte net die mens selfs meer van die fundamentele aard van sy bestaan te vervreem.

### Tyd en die nutteloosheid van wag

Die verloop van tyd word ooglopend as die karakter wag op Godot se kom. Die feit dat hulle verniet wag, laat die lewe egter net so betekenisloos as die dood lyk. Tyd maak die karakters gevangenes van hule situasie waar hulle inderwaarheid terug beweeg na die dood, al lyk dit of hulle voorwaarts deur die tyd beweeg.

Tydspronge is onbepaald, omdat die drama in halfdonker afspeel. Die enigste sigbare tekens van tydverloop is die boom wat 'n paar nuwe blare het aan die begin van die tweede bedryf en die fisiese veranderinge in Pozzo, wat blind word, en Lucky, wat stom raak. Dit alles versterk die eindeloosheid van die gewag.

Die lyding van wag wat die karakters en die gehoor ervaar, saam met die konstante herhaling van gebeure, is wat tyd eindeloos laat lyk.

### **Temas in *Bagasie***

Die menslike toestand (La condition humaine) - die nagmerrie van die sinlose word tot die uiterste gevoer :

- Die aard van die **mens se toestand**
  - Futiliteit van mens se gewag of soeke (singewing)
  - Menslike bestaan is tydelik en dood onontkombare waarheid
  - Menslike verlatenheid word vooropgestel
  - Bestaansangs word uitgebeeld in die drama
- **Aard van wêreld** waarin mens verkeer
  - Vreemdheid, onverklaarbaarheid, sinloosheid, geværlikheid van realiteit.
- Aard van die **mens self**
  - Mens se vrees vir homself en die onbekende
  - Mens se hunkering na geluk in die toekoms of die verlede
  - Mens is identiteitloos, kan nie kommunikeer met medemens
  - Mens ly aan geheueverlies
- **Religieuse probleem:** Die
  - Mens se soeke na sin
  - Mens se soeke na 'n God wat Hom skynbaar onbereikbaar teruggetrek het
  - Mens se vrees om verantwoording te doen vir die lewe
  - Onvolledigheid van die lewe
  - Onafwendbaarheid en leegheid van die sterwensoomblik
  - Probleem van selfverwesenliking: die mens is in 'n wêreld wat nie vir hom sin maak nie
  - Koffer/trommel/tas: vorm die middelpunte van 'n bestaanskrisis, omdat die som van 'n hele bestaan in 'n besondere bagasie saamgevat word
  - 'Probleme van ons tyd' volgens Brink, word in die triptiek aangespreek
  - 'Spel' is meer belangrik, die interpretasie ontduik die leser meestal, reflekter/weergawe van die ingewikkeldheid van die menslike bestaan

**In die tema word iets van die moderne mens in sy eensaamheid, verwardheid en gebrek aan sekerheid en angs oorgedra.**

- tema van bagasie wat mens met hom rondra of benodig
- koffer, trommel, tas is bagasie wat die mens se lewenslot bevat en wat hy altyd met hom saamdra. Dit versinnebeeld die gevangeneskap van die moderne mens.
- die wag op iets om te gebeur of iemand wat sal kom
- die leegheid en sinloosheid van die mens in sy patetiese bestaan

- vermenging van komiese en tragiese elemente
- leen sterk op allegorie (storie wat abstrakte begrip voorstel, verhalende beskrywing van onderwerp onder skyn van 'n ander)
  
- **Koffer:** bevat die lewensmiddele van die mens
- Twee mense soek na hul koffer. Die soektog duur al 'n leeftyd, daarom leef hulle nie meer nie; hulle soek net.
- In die koffer is al hul aardse besittings, o.a. hul dokumente en persoonskaarte.
- Nou is hulle niemand en bestaan hulle slegs voort in 'n vreemde land.
- Hulle soeke is meer as 'n soektog om hulself te vind; dit is ook 'n soeke na 'n sin en 'n god.
- 'n Lewe lank smeek hulle tevergeefs om die onbekende inhoud van die koffer en kry uiteindelik die smekers self as inhoud – hulle gaan in die koffer die dood in.
- Die absurde is geleë in die meedoenoeloosheid van die menslike bestaan en die gepaardgaande onrus van menswees.
- Die mens se uiteindelike paspoort vir die terugkeer tot sy oorsprong.
- 'n reël is 'n reël' – satiriese voorstelling van die burokratiese mens is die vertrekpunt vir die vergeefse soeke na iets wat sin aan die lewe gee.
- Die karakters is identiteitloos, 'n man en vrou besit geen dokumente om die klerk tevreden te stel nie.
- Die identiteitloosheid word onderstreep deur die herhaalde (ritualistiese) verwysing na papiere en geskrifte.
- Die karakters word geplaas in 'n waas van dubbelsinnigheid en onsekerheid.
- Dubbelsinnigheid word aangevul deur 'n gebrek aan geheue en dubbelsinnige familieverwantskappe
- Die karakterpaar – man en vrou - is nie afsonderlik volledig nie, hulle is aanvullend tot mekaar. Hulle is ontneem van individualiteit en is dus algemeen menslik
- Die aftakeling van die karakters se logika word weerspieël in die hantering van getalle en die meganiese aframmeling van besonderhede oor reise.
  
- **Trommel:** oorgelewerde rommel waarmee mens sy bestaan moet maak.
- Trommel kan ook vir die mens vrylating beteken.
- Dit dui ook op nuwe geboorte
- Die mens wat sy bande met sy familie (moeder) wil verbreek.
- Wil trommel verkoop met sy tradisies en singewende riglyne van voorgeslagte, net om aan die einde te besef dat hy hom nie volledig van sy verlede kan bevry nie.
  
- **Tas:** die simbool wat die mens tot werklike konfrontasie met sy medemens kan lei.
- Teken van angs waарoor hy weier om te praat.
- Twee hoofkarakters so volledig in hul sinlose lewens opgeneem dat 'n afwyking in hul roetine 'n eksistensiële krisis laat ontstaan.
- As 'n vreemdeling na twintig jaar se gereelde daaglikse samekomste om woordeloos te sit en dobbel, skielik 'n tas inbring, durf hulle dit uit vrees en onsekerheid oor die inhoud nie oopmaak nie.
- Hulle ervaar 'n gevoel van ontreddering en verlorenheid by die besef van verspeelde en sinlose lewens.

(20)

- 2.2 Eksistensialistiese filosofie beweer dat die betekenis van bestaan onlogies, sonder doel, arbitrêr en wreed is. Die definierende filosofie van Teater van die Absurde is Eksistensialisme. Friedrich Nietzsche, Jean-Paul Sartre en Albert Camus het hul filosofieë uit Eksistensialisme ontwikkel. (2)
- 2.3 The Teater van die Absurde het in Wes-Europa ontstaan aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog toe die gruweldade in die Nazi konsentrasiekampe, die mislukking van die wetenskap van sosiale oplossings te bied, en die destruktiewe krag van die atoombom vrae laat ontstaan het oor rede en die mens se rasionaliteit. (3)
- 2.4 Karaktere van die Teater van die Absurde verteenwoordig menslikheid, eerder as 'n poging om 'n 'werklike' mens op die verhoog te skep. Hulle kwaliteit word dikwels oordryf en die situasies waarin hulle hulself bevind word dikwels meer intens gemaak. Die gehoor is selde bewus van die karaktere se geskiedenis – hulle het geen verlede nie en gee min aanduiding van wat hul toekoms mag wees.  
Hulle word beoordeel op wat hulle doen en nie op wie of wat hulle is nie. Karaktere is nie geloofwaardige of werklike karaktere nie. Karaktere is 'n hulpmiddel om hul gedagtes oor die menslike toestand oor te dra. In *Afspraak met Godot* toon die karaktere wedersydse afhanklikheid. In *Die Kaalkop Prima Donna* is karaktere beskryf as sosiale marionette, belaglike karaktere wat toegee aan die eise van die samelewning. (5)

Ordevlak	Moeilikheids-vlak	Persentasie	Punte	Vrae & punte
<b>Analise/Sintese/Evaluering</b>	Hoër vlak	30	9	2.1 (7) 2.2 (2)
<b>Toepassing</b>	Middelvlak	40	12	2.1 (10) 2.4 (2)
<b>Kennis en begrip</b>	Laer vlak	30	9	2.1 (3) 2.3 (3) 2.4 (3)

LO 3	AS 1	AS 2	AS 3
2.1	4	12	4
2.2.1	2		
2.2.2		2	
2.2.3	2		
2.2.4		4	

[30]

**TOTAAL AFDELING A:** 30

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

**DAAR IS AGT VRAE IN HIERDIE AFDELING.**

**BEANTWOORD SLEGS TWEE VRAE WAT HANDEL OOR DIE TWEE DRAMAS  
WAT JY BESTUDEER HET.**

### VRAAG 3: *BOESMAN AND LENA DEUR ATHOL FUGARD*

- 3.1      (a) She yearns for conversation and to be part of Outa's thoughts.  
           (b) She yearns to engage him in a conversation that might make Boesman jealous and not shut her out in future conversations.  
           (c) She wants to help him (Outa) by providing his needs.  
           (d) She wants to have someone she can be 'responsible for'. (5)
- 3.2      3.2.1     (a) He was telling them what his name was.  
           (b) He was telling them what his praise-surname was.  
           (c) He was trying to tell them to get medical help for him.  
           (d) He was trying to tell them to sound the distress call for him.  
           (e) He was trying to tell them from which clan he comes from, so that whatever happens to him, they must know how to bury him (for the purposes of the performance of family rituals) (3)
- 3.2.2     Any motivated answer should be accepted. Possible examples could include:  
           (a) I would use appropriate gestures (possibly pointing to himself) to articulate what I want to convey.  
           (b) I would use appropriate body language (show urgency to communicate) to convey more meaning.  
           (c) I would use facial expressions (frowning, creased eyebrows, raised eyebrows) to show confusion (4)
- 3.2.3     (a) They might have told him which way to go (from the road they have travelled) to locate people that might have given him medical attention, and he might not have died.  
           (b) They might have told him which way to go to find people with his clan name, and so he might have died in a more peaceful and dignified manner.  
           (c) Boesman might have helped Outa, who in turn might have been their companion as they search for a better place (2)
- 3.3      3.3.1     (a) She treats Outa as some kind of a pet that she owns  
           (b) She feeds Outa like a pet  
           (c) She wants Outa to be dependent on her charity.  
           (d) She sees herself as some kind of a social-Darwinist (responsible for other races)  
           (e) She is torn between regarding Outa as some kind of a pet and helping him without being reprimanded by Boesman. (3)

- 3.3.2 Yes she does, [1 mark]
- (a) Lena treats Outa as a pet.
- (b) Lena hopes Outa should follow them so as to exercise her dominance over him [2 marks] (3)
- No she does not. [1 mark]
- (a) Lena longs for other company.
- (b) She hopes she can strike a friendship with him.
- (b) Lena hopes Outa should follow them so as have Outa as a 'member of their extended family [2 marks] (3)

3.4 Die volgende rubriek is 'n riglyn. Die kandidaat bring hulle eie ervaring en opinies na die antwoorde en erkenning moet daaraan gegee word.

Punte		Beskrywers (Bewyse)
9-10	Uitstekend	<p>Kandidaat het uitstekende begrip van hoe die</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hiërargiemag</li> <li>• Behoefte om te oorleef en die invloed daarvan op die dominansie oor ander</li> <li>• Kwessies van kultuur ander benadeel</li> <li>• Fisiese omgewing die karakters se psige beïnvloed oor kwessies soos geslag, klas, kultuur, kostuum en ekonomiese status.</li> </ul> <p>Kandidaat kan oor bogenoemde kwessies nading, dit vergelyk en evaluateer deur 'n gespesialiseerde woordeskaf te gebruik om die kwessies van klas, geslag, kultuur, kostuum en ekonomiese status te verduidelik en te regverdig. Kandidaat kan na eie ervaring verwys wanneer vrae beantwoord word. Kandidaat demonstreer hoë vlak van begrip en kultuurregverdigheid in sy/haar antwoord.</p>
7-8	Goed	<p>Kandidaat het goeie begrip van hoe die</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hiërargiemag</li> <li>• Behoefte om te oorleef en die invloed daarvan op die dominansie oor ander</li> <li>• Kwessies van kultuur ander benadeel</li> <li>• Fisiese omgewing die karakters se psige beïnvloed oor kwessies soos geslag, klas, kultuur, kostuum en ekonomiese status.</li> </ul> <p>Kandidaat kan oor bogenoemde kwessies nading, dit vergelyk en evaluateer deur 'n gespesialiseerde woordeskaf te gebruik om die kwessies van klas, geslag, kultuur, kostuum en ekonomiese status te verduidelik en te regverdig. Kandidaat probeer om na eie ervaring te verwys wanneer vrae beantwoord word. Kandidaat demonstreer 'n redelike vlak van begrip en kultuurregverdigheid in sy/haar antwoord.</p>
5-6	Gemiddeld	<p>Kandidaat het goeie begrip van hoe die</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hiërargiemag</li> <li>• Behoefte om te oorleef en die invloed op die dominansie oor ander</li> <li>• Kwessies van kultuur ander benadeel</li> <li>• Fisiese omgewing die karakters se psige beïnvloed oor kwessies soos geslag, klas, kultuur, kostuum en ekonomiese status.</li> </ul> <p>Kandidaat kan oor bogenoemde kwessies nading, dit vergelyk en evaluateer deur 'n gespesialiseerde woordeskaf te gebruik om die kwessies van klas, geslag, kultuur, kostuum en ekonomiese status te verduidelik en te regverdig. Kandidaat kan nie na eie ervaring verwys wanneer vrae</p>

		beantwoord word nie. Kandidaat bide sy/haar antwoord op 'n kultuurregverdig manier aan.
3-4	Elementêr	<p>Kandidaat het redelike begrip van hoe die</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hiërgargiemag</li> <li>• Behoefte om te oorleef en die invloed op die dominansie oor ander</li> <li>• Kwessies van kultuur ander benadeel</li> <li>• Fisiese omgewing die karakters se psige beïnvloed oor kwessies soos geslag, klas, kultuur, kostuum en ekonomiese status.</li> </ul> <p>Kandidaat probeer om oor bogenoemde kwessies n ate ding, dit te vergelyk en te evaluateer deur 'n gespesialiseerde woordeskat te gebruik om die kwessies van klas, geslag, kultuur, kostuum en ekonomiese status te verduidelik en te regverdig. Kandidaat kan nie 'n duidelik verband met eie ervaring toon nie. Kandidaat pas kennis op 'n meganiese manier toe en kan nie 'n eie antwoord formuleer nie.</p>
0-2	Swak	<p>Kandidaat ken nie die terminologie wat gebruik word om kulturele opvoering en ritueel te bespreek nie, maar kan op 'n basiese vlak met aspekte van die aanhaling raak. Kandidaat probeer om die aspekte van inheemse opvoering te beskryf, maar kan nie enige gespesialiseerde terme akkuraat gebruik om kulturele opvoering en ritueel te verduidelik nie. Kandidaat probeer nie om 'n verband met eie ervaring te maak nie. Kandidaat toon baie min basiese operasionele kennis.</p>

(10)

Ordevlak	Moeilikheids-vlak	Persentasie	Punte	Vrae en punte
Analise/Sintese/Evaluering	Hoër orde	30	8	3.1 (4) 3.2 (4)
Toepassing	Middelorde	40	13	3.4.1 (3) 3.5 (10)
Kennis en begrip	Laer orde	30	9	3.3.1 (2) 3.3.2 (2) 3.3.3 (2) 3.4.2 (3)

LO 3	AS 1	AS 2	
3.1		4	
3.2	4		
3.3	6		
3.4	6		
3.5		10	

[30]

#### VRAAG 4: *uNOSILIMELA DEUR CREDO MUTWA*

- Sy veroorsaak pyn vir haar kinders oor haar 'losbandige' lewenstyl. Tiemie verduur baie beleidings en verwytte. Ma se sedeloosheid lei daartoe dat haar kinders haar verwerp. Tjokkie sê dat hy liever by die skool gespot word oor sy klere as oor sy ma.

Tjokkie:

- Die protagonis in die drama
- Hy 'loop straight'
- Hy is die enigste karakter wat besliste morele waardes het
- Hy verag die ongebonde sensualiteit van sy ma en suster
- Hy het 'n bonatuurlike gawe waarop die ander hul hoop vestig vir uitkoms uit hul neerdrukkende situasie
- Hy staan as *outsider* buite die groep
- Hy kry geen oomblik rus nie, want almal wil hê hy moet sien en so hul moeilikhede oplos

Punte		Beskrywer
11-12	Uitstekend	Antwoord is gefokus, die kandidaat ken en verstaan die die karaktereienskappe van die genoemde karakter baie goed en gee 'n omvattende beskrywing. Antwoord is goed gestructureerd. In die bespreking, toon die kandidaat insig en kreatiwiteit, gemotiveer deur voorbeeld uit die teks.
8-10	Goed	Kandidaat gee 'n volledige beskrywing van die karaktereienskappe die genoemde karakter. Antwoord toon 'n mate van kreatiwiteit en insig. Kandidaat toon goeie begrip, voorbeeld uit die teks om te motiveer.
6-7	Bevredigend	Kandidaat gee 'n basiese beskrywing van die genoemde karakter, maar kort inligting in die antwoord. Die belangrikste aspekte van die karakters word wel bespreek, maar die antwoord kort diepte. Min voorbeeld uit die teks.
4-5	Elementêr	Die kandidaat gee 'n baie kortlikse beskrywing van die genoemde karakter, maar kernidees kom kort. Die kandidaat toon 'n gebrek aan visualisering en kreatiwiteit.
0-3	Swak	Min of geen poging om die vraag te beantwoord. Kandidaat verstaan nie die vraag nie.

(12)

Ordevlak	Moeilikheids-vlak	Persentasie	Punte	Vrae & punte
<b>Analise/Sintese/Evaluering</b>	Hoër orde	30	9	9.2 (9)
<b>Toepassing</b>	Middelorde	40	12	9.1.1 (5) 9.1.2 (4) 9.2 (3)
<b>Kennis en begrip</b>	Laer orde	30	9	9.1.1 (5) 9.1.2 (4)

<b>LO 3</b>	<b>AS 1</b>	<b>AS 2</b>	<b>AS 3</b>
9.1.1	5	5	
9.1.2	4	4	
9.2.1	4	4	4

**[30]****VRAAG 10: MIS DEUR REZA DE WET**

- 10.1    10.1.1    • *Mis* is eklekties van aard, met ander woorde dit is nie suiwer realisties nie, maar bevat 'n vermenging van style.
- Die realistiese aanslag van die teks is vir die gehoor 'n gerusstellende vastrapplek.
  - Die gehoor word daarna weggevoer op 'n ontdekkingsreis na 'n wêreld van spekulasié en verbeelding (waar elke mens in hom/haar 'n nar of towenaar huisves en waar transformasie natuurlik en aanvaarbaar is).
  - Dit toon dus 'n realistiese oppervlak. Elke drama het 'n bekende en byna stereotipiese genre – dit vorm 'n stukturele basis.
  - Die oppervlakrealisme behoort nie as die noodwendige riglyn aanvaar te word nie in die aanbieding van die drama nie.
  - Die herkenning van die dramatise vorm (genre) skep reeds verwagting van die leser en kan die gehoor beïnvloed.
  - Daar is elemente wat nie suiwer realisties is in die teks nie, byvoorbeeld die beelde soos die sirkus, die seremoniële aspekte van die Katolieke Kerk (die mis, die wit rok).

(4)

- 10.1.2    **Die kandidaat kan enige drie van die volgende beelde of metafore bespreek:**

1.    **Die titel, *Mis*:**

1.1    Mis as bemesting. Meisie en Miem maak 'n lewe uit die mis wat hulle aan boere verkoop. Die mis is dan ook vir Meisie 'n groot frustrasie, want sy kla teenoor Konstabel dat die mis baie sleg ruik en dat dit vlieë lok. Sy voer dit aan as rede waarom daar nie kêrels by haar kom kuier nie. Sy plant bv. rose voor haar kamervenster om die misreuk te verdryf. Hierdie mis kan dan ook dui op vrugbaarheid. Miem sê bv. dit is vroeglente en almal wil hulle grond bewerk. Meisie groei as 'n blom tot bevryding uit hierdie mis.

1.2    Mis kan ook dui op mistigheid – iets wat verhoed dat jy duidelik kan sien. Dit is simbolies van Miem en Gertie se onvermoë om die werklikheid te sien. Hulle leef in hul eie eng wêreldjie waarin alles vir hulle 'n bedreiging inhoud en as hulle iets nie verstaan nie (soos die verdwyning van die meisies), heg hulle vinnig hul eie interpretasie daarvan. Hulle staar hulle blind teen die feite/realiteit soos een wat deur 'n mistigheid na iets kyk.

1.3 Die uitdrukking: ‘*Jy het dit mis*’ kan hier van toepassing wees. Miem en Gertie het dit mis as hulle dink die ander meisies is vermoor. Hulle het dit mis as hulle dink hulle kan regtig die “boosheid” waarvoor hulle so bang is, besweer deur deure en vensters te rendel. Hulle het dit mis as hulle glo dat die Konstabel hulle regtig gaan beveilig. Dit gaan om ‘n mis verstaan van sake.

1.4 Dit kan ook dui op die aards-alledaagse, selfs boersheid. Die emmer wat menslike uitskot stort, is simbolies hiervan. Dit besmet hul hele bestaanswêreld.

1.5 Mis kan ook na Nagmaal (Roomse Mis) verwys. As ons na Meisie se voorstellingsrok kyk, kom die betekenis daarvan na vore. Na haar voorstelling word sy in die kerk as volwassene aanvaar en kan sy die Nagmaal begin gebruik – sy is dus in die oë van die kerk voswasse. Ironies genoeg sien haar ma dit nie so in nie. Die reinheid wat deur die wit rok gesuggereer word, kan ook as hier na vore kom. Dit kan dui op die huwelik, wat op sigself weer die begin van ‘n nuwe lewe is. Nagmaal is die begin van nuwe lewe vir die christen (die dood en opstanding van Christus en lewe vir ons). Dit is miskien goed om hier te kyk na Miem se verwysing dat haar man, Gabriël, “opgegaan” het. Dit is amper ‘n soort hemelvaart. Interessant is ook die verwysing dat sy glo hy sal hulle nie in die steek laat as iets verkeerd loop nie.

## **2. Blomverwysings:**

Daar is etlike blomverwysings, nl. rose, roosbome, die geur van blomme. Dit dui ook op Meisie as ontlukende blom uit die mis. Meisie beveg die stank van die mis deur rose onder haar venster te plant. Dit is simbolies van die seksueel ontwakende meisie (wat vrugbaarheid inhoud), haar maagdelike onskuld. Sy hou die belofte van seksuele bevrugting in. Miem sê dis vroeg-lente en die mense wil mis hê om te kan plant.

## **3. Sonsverduistering:**

Konstabel se bizarre vertelling van die sonsverduistering gaan saam met die gedruis van die wind, die val van kwepers soos hael en blomme wat wegvlieg. Dis alles baie geheimsinnig en word amper as ‘n onwerklike droom voorgehou – ‘n soort spookagtigheid of sprokieagtigheid. Terwyl jy dit lees, kry jy die gevoel dat iets abnormaals besig is om te gebeur, terwyl dit eintlik ‘n doodnormale natuurverskynsel is wat in die mond van Konstabel ‘n vreemde, magiese kwaliteit kry. Dit weerspieël ‘n dreigendheid.

Normaalweg assosieer ons die son met lig en lewe. Seksueel verteenwoordig dit die manlike. Apollo is die manlike songod en Artemis die vroulike maangodin. (Griekse mitologie). Met sonsverduistering gly die maan oor die son (soos Konstabel dit vertel).

Maan en duisternis hou daarom met mekaar verband en op simboliese vlak skakel die maan as die vroulike element dus met donkerheid – die donkerwêreld van die onderbewussyn, dit wat ons nie met die blote verstand kan peil nie.

Die son as rasionele manlike (die een wat dink en doen) word simbolies versoen met die irrasionele, donker vroulike kant. Meisie dans aan die einde uit in die donkerwêreld. Dit dui op haar versoening tussen rasionele (maan, vroulike) en irrasionele (son, manlike). Sy beweeg dus van Miem se rasionele wêreld na Konstabel (as magiese nar) se irrasionele sirkusagtige droomwêreld. Daarin kom die feit ook na vore dat die man die denker is, terwyl die jong meisie die dromer is wat webbe onder water sien roer).

Konstabel se blindheid verval in die nag/donker as hy tot nar transformeer. Miem se bysiendheid is simbool van haar geestelike blindheid. Bedags in die son kan Konstabel sien, maar dan is dit simbolies van die manlike in hom en is hy nie volledig mens nie. Eers in die aand as die vroulike lig van die maan skyn, kan hy sien, want saam met die vroulike word hy volledig mens. Dit is 'n vereniging van die manlike en vroulike lig soos met die sonsverduistering.

Miem is in die manlike lig ook blind. Die lig in haar huis is kunsmatig; dus kan sy ook nie volledig sien nie en bly sy stiksienig/bysiende. Die maan is simblies van die sagter, blou, mistieke lig, die vroulike lig – nie fel soos dié van die man nie.

#### **4. Wit aannemingsrok:**

Volgens tradisie het jong meisies wit rokke gedra as hulle aangeneem is. Die wit rok wat Meisie dra, kry 'n religieuse konnotasie. Daardeur gaan sy oor tot die bevrydingshandeling. Konstabel kan, binne hierdie bevrydingshandeling, gesien word as 'n soort heilige priester wat sy slagoffers in die donker, verborge geheime inlei.

Die aannemingsrok kan ook 'n suggestie van 'n trourok besit. Sy is die vrugbare jong meisie wat kan ontluk tot bottende blom. Dit suggereer ook haar seksuele maagdelikheid. Die maan as vroulike simbool word ook met vrugbaarheid in verband gebring.

#### **5. Beeld van tant Hannie:**

Konstabel se beeld van sy tant Hannie is geïdealiseer: lang, goue, golwende hare, sy's lank en slank. Die beeld van tant Hannie as danser stem ooreen met Meisie as getransformeerde, dansende meisie aan die einde. Albei besit die toweragtige droomkwaliteit. Hannie word 'n ikoon/afgod; die volmaakte Venus. Ons sien hoe Gertie op hierdie vertelling reageer. Hierin vind Gertie die vrou wat sy nooit kon wees nie – begeerlik, mooi, seksueel. Gertie slaag nie daarin om die rol enduit te vertolk nie, want Miem kom die vertrek binne en Gertie vlug uit. Dit word later in Meisie voltrek as sy die huis dansend verlaat.

### **6. Fratse by die sirkus:**

Gertie gee voor om eng en konserwatief te wees, om 'n afkeer te hê van die sirkus, tog gaan sy sirkus toe en as Miem haar daarmee konfronteer (baie geskok dat Gertie so iets kon doen), het sy 'n verskoning gereed. Alhoewel Miem voorgee dat sy niks van die sirkus wil weet nie, moedig sy Gertie tog aan om te vertel van die fratse wat sy gesien het – net sodat Meisie tevreden kan voel oor hoe sy lyk, want sy kla altyd. Dis egter net 'n verskoning om haar skynheilige te verbloem. Sy het net soveel behoefté aan die wêreld daar buite. Die bose is ook deel van haar, al probeer sy dit so besweer.

Die *klein mannetjie, meermin, Lang Man, Bebaarde Vrou, Aapmens, Vetste Vrou en Karbonkel Man vol knoppe* is almal simbole van die bo-natuurlike of die absurditeit van die menslike bestaan. Hierdie verworpelinge vind 'n heenkome in die sirkus as metafoor van die droomwêreld. In die samelewing is hulle verbanne fratse vir wie almal walg. In die sirkus word hulle skouspelagtige rariteite/vreemde verskynsels. Hier word hulle in die atmosfeer van die towerwêreld dan ook towerfigure.

### **7. Meisie se herinnering aan die meisie en die towenaar by die sirkus:**

Iets wat vir Meisie aangegegryp het by die sirkus, is die kulkunstenaar en die meisie (sy assistente). Sy vertel hierdie ondervinding aan Konstabel. Meisie beleef hierdie ervaring as vreesaanjaend en 'n fassinerende magiese skouspel waarin spel en werklikheid deur 'n knap oëverblindery saamsmelt tot 'n droomwêreld waarin die onmoontlike moontlik word. (Die oëverblindery sluit weer aan by die idee van blindheid). Die towenaar se kulkuns kan slegs werk as hy die meisie op 'n meedoënlose manier benader en daarna weer "heel" maak. Hy word dus simbolies van Konstabel as nar wat Meisie op wrede manier weglok om van haar 'n vry mens te maak.

Punte		Beskrywer
11-12	Uitstekend	Antwoord is gefokus, die kandidaat het 'n uitstekende kennis en begrip van beeldende en metafore en kan dit met die aanhaling verbind. Die kandidaat gee 'n omvattende beskrywing van die beeldende en metafore. Antwoord is goed gestruktureerd. In die bespreking, toon die kandidaat insig en kreatiwiteit, gemotiveer deur voorbeeld uit die teks.
8-10	Goed	Kandidaat gee 'n volledige beskrywing van beeldende en metafore en kan dit met die aanhaling verbind. Antwoord toon 'n mate van kreatiwiteit en insig. Kandidaat toon goeie begrip, voorbeeld uit die teks om te motiveer.
6-7	Bevredigend	Kandidaat gee 'n basiese beskrywing van beeldende en metafore maar kan dit nie met die aanhaling verbind nie. Die antwoord kort diepte. Min voorbeeld uit die teks.
4-5	Elementêr	Die kandidaat gee 'n baie kortlikse beskrywing van die van beeldende en metafore, maar kernidees kom kort. Die kandidaat toon 'n gebrek aan visualisering en kreatiwiteit.
0-3	Swak	Min of geen poging om die vraag te beantwoord. Kandidaat verstaan nie die vraag nie.

(12)

- 10.2 Sy is vet, middeljarig met 'n vlegsel bo-oor haar kop. Sy is 'n diabeet en het water op die knieë. 'n Mens kan Miem eintlik bewonder dat sy die fort so kan hou in sulke moeilike omstandighede. Haar man het hom heel gerieflik onttrek en sy en Meisie moet mis verkoop om 'n bestaan te kan maak. Sy bly egter lojaal aan hom.

Sy skep die indruk van 'n sterk vrou, boos en dominerend. Sy manipuleer Meisie op 'n subtile manier: sy sal weer siek word en sy verwyt haar ook dat sy nooit meer dieselfde was nadat Meisie die vorige keer so "ongehoorsaam" was om uit te glip nie.

Haar gebrek aan selfinsig kos haar haar dogter, want sy vertel van die ander twee meisies wat weg is. Die een se pa was so dominerend en die ander een se ma was vol iepekonders. Intussen is sy aan albei hierdie aanklagte skuldig, maar sy besef nie dat sy daardeur ook haar dogter versmoor nie.

Een van Miem se belangrikste karaktertrekke is haar besondere engheid. Sy is uiters konserwatief (seksueel en geestelik) en glo op naïewe wyse dat 'n moordenaar elke jaar terugkom om 'n meisie te vermoor.

Sy is ook 'n tipiese gasvrye Afrikanervrou en beleefd teenoor haar gaste, Gertie en Konstabel.

As ons kyk na dinge wat sy vir Gertie sê, kan ons aflei dat sy baie reguit was. As Gertie ligmaamsoefening wil doen om warm te word, sit sy haar gou-gou op haar plek met 'n:  
"Ag nee wat, Gertie, daar is 'n tyd en plek vir alles."

Ten spye van haar sodanige konserwatiwiteit, beskik sy oor 'n valse moraliteit. Sy gee voor om iets te wees wat sy nie is nie. Let op hoe sy Meisie aan die Konstabel probeer verkoop deur te vertel hoe breed haar heupe is. Die subteks hiervan is dat Meisie kinders in die wêreld sal kan bring – iets wat vir die ou Afrikaner baie belangrik was. Iemand wat regtig so eng is soos sy, sal nie haar dogter op so 'n blatante manier aan 'n vreemdeling "verkoop" nie. Sy sou Meisie graag getroud wou sien volgens tradisionele konvensies. Die gepraat oor die borstrok sou ook hier kon inpas.

Hierdie skynheiligeid van die Calvinisme kom ook na vore in haar uitvraery oor die gedrogte by die sirkus. Sy wil kamma niks van die sirkus weet nie, maar vra tog gretig uit daaroor, onder die dekmantel dat sy dit net doen sodat Meisie kan ophou kla oor haar voorkoms en dat sy dankbaarheid kan leer. Sy gebruik haar dogter skromeloos om te hore te kom wat sy eintlik wou hoor. Haar neurotiese vrees vir die "bose onheil" wat hulle gaan tref, staan lynreg teenoor haar sterk persoonlikheid.

Boonop sit Miem – wat dan nou so kuis is – met seksuele frustrasies. Sy erken openlik aan Konstabel, wat tog 'n wildvreemde man is, dat daar "gevoelens" by haar aangewakker word deur die nagtelike teenwoordigheid van 'n man in die huis. Haar man sit immers al hoe lank op die solder en al is sy so konserwatief, bly sy mens.

Miem kom dus oor as die matriarg van die gesin (in die afwesigheid van die patriarg). Met haar streng konvensies domineer sy vir Meisie – en in ‘n mate ook vir Gertie as sy haar berispe omdat sy by die sirkus was. ‘n Mens wonder in watter mate haar dominerende gedrag dalk daarvoor verantwoordelik is dat Gabriël gevlug het.

Sy verteenwoordig die streng Calvinisme en sosiale sisteem van ‘n gedeelte van die Afrikanergemeenskap. Sy funksioneer as heksebesweerde teen die bose. Sy is ‘n ironiese figuur. ‘n Mens sien haar aanvanklik as die beskermer van haar dogter, maar eintlik is sy uiters boos. Sy is figuurlik gesproke blind. Hier kan ons let op haar bisiendheid (kan nie die garing deur die naald se oog kry nie). Haar blindheid lei tot die onderdrukking van Meisie. Aan die einde gebeur juis dit wat sy gevrees het: Meisie verlaat haar. Konstabel wat so deur haar vertrou is, word die adder in die boesem. Sy was te “blind” om dit in te sien, want haar vrees vir die bose weerhou haar daarvan om die bose te erken as sy regtig daarmee gekonfronteer word.

Punte		Beskrywer
9-10	Uitstekend	Antwoord is gefokus, die kandidaat ken en verstaan die die karaktereienskappe van Miem baie goed en gee ‘n omvattende beskrywing van die aard en funksie van die karakter. Antwoord is goed gestruktureerd. In die bespreking, toon die kandidaat insig en kreatiwiteit, gemotiveer deur voorbeeld uit die teks.
7-8	Goed	Kandidaat gee ‘n volledige beskrywing van die karaktereienskappe van Miem. Antwoord toon ‘n mate van kreatiwiteit en insig wanneer die aard en funksie van die karakter bespreek word. Kandidaat toon goeie begrip, voorbeeld uit die teks om te motiveer.
5-6	Bevredigend	Kandidaat gee ‘n basiese beskrywing van die karakter, Miem, maar kort inligting in die antwoord. Die belangrikste aspekte oor die aard en funksie van die karakter word wel bespreek, maar die antwoord kort diepte. Min voorbeeld uit die teks.
3-4	Elementêr	Die kandidaat gee ‘n baie kortlikse beskrywing van die karakter Miem, maar kernidees kom kort. Die kandidaat toon ‘n gebrek aan visualisering en kreatiwiteit.
0-2	Swak	Min of geen poging om die vraag te beantwoord. Kandidaat verstaan nie die vraag nie.

(10)

- 10.3 Die kandidaat kan Ja of Nee antwoord. Gee krediet vir ‘n antwoord wat deeglik gemotiveer is en na voorbeeld uit die teks verwys.

Moontlike antwoorde:

Nee, die teks is beperk tot ‘n klein sosiale en kulturele groepie, naamlik die Afrikaner en meer spesifiek die groep Afrikaners wat eng dogmaties is en ‘n verwronge beeld van die Calvinisme uitleef. Die voorbeeld van Miem wat die bewaker van sedes is en haar dogter gevange hou in ‘n beperkende wêreld van reëls en dreigemente spreek net tot ‘n sekere groep en is nie meer relevant vir ‘n hedendaagse SA gehoor nie. Al is die teks in Engels vertaal, spreek dit meer tot die Suid-Afrikaner en veral die sosiale kwessies van die 30’er jare.

Ja, die teks spreek tot enige Suid-Afrikaanse (of internasionale) gehoor. Die kwessies wat aangeraak word strek verby taal- of kultuurgroep. Die kwessies en temas in die drama is van universele aard; kwessies soos vasgevangenheid en bevryding kom voor in alle gemeenskappe. Hier gaan dit oor die verwronge en dogmatiese behoud van Calvinistiese waardes, maar dit kon na enige kultuur- en godsienstige groep verwys het. Die tema van dominering (soos Miem wat haar dogter domineer), die smagting na bevryding (Meisie met haar versugting na 'n beter lewe), die tema van frustrasie en 'n beperkte vooruitsig op die lewe (Gertie) spreek tot enige gehoorlid. In die drama gaan dit grootliks oor individuele bevryding – hierdie tema is universeel. Die gehoorlid word gekonfronteer met hulself en staar hul eie bevrydingsproses (van watter aard ook al) in die gesig. (4)

Ordevlak	Moeilikheids-vlak	Persentasie	Punte	Vrae & punte
<b>Analise/Sintese/Evaluering</b>	Hoër orde	30	8	10.1.2 (6) 10.3 (2)
<b>Toepassing</b>	Middelorde	40	13	10.1.2 (6) 10.2.1 (5) 10.3 (2)
<b>Kennis en begrip</b>	Laer orde	30	9	10.1.1 (4) 10.2.1 (5)

LO 3	AS 1	AS 2	AS 3
10.1.1		4	
10.1.2	4	8	
10.2.1	6	4	
10.3.			4

[30]

**TOTAAL AFDELING B:** 60

## **AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING EN EVALUERING**

### **VRAAG 11**

Die volgende is voorstelle. Die kandidate bring hul eie ervaring en opinie na die antwoord en erkenning moet daarvoor gegee word.

**Hierdie memorandum is nie vertaal nie, omdat die drama slegs in Engels beskikbaar is.**

- 11.1 The maidens are frightened they will be eaten so are pleading with the Cannibal. They might also be begging. They are trying to be convincing as they are desperate to escape even if it means sacrificing one of their sisters. The maiden in line 11 is quite firm and determined as she has realized her only escape is to trick others to die. (4)

- 11.2 Lines 12 – 15. This is the most probable interpretation but take into consideration each candidate's response and the support he/she offers to the argument provided.

**Pace:** The actor acting as the cannibal begins quickly responding to the maiden's promises saying 'Good, because if it does,' then he slows down to torment and threaten her saying 'I will enjoy you first, my lovely – and your flesh... like sugar fruit.' 'Do not fail me... lead me to you.' Faster and gloatingly. Then slowly and clearly so that the maidens and the audience understand 'You can never escape me. Never!' Then quickly and dismissively 'Now, go!'

**Pause:** The actor uses pause to break between faster and slower paced phrases and to emphasise dramatically what might happen if the maidens disobey him. eg he pauses between 'sweet and' then the word 'succulent' it makes the maidens wait fearfully for what he might say and look at each other in horror when they realize he is serious about eating them. Another example of the dramatic pause is between 'the necklaces you wear' and 'will always lead me to you' so that the maidens know they have no chance to escape. Pause is also used at punctuation points as sense pauses. Eg the dash (-), exclamation mark (!) will be longer than a comma (,) pause. (4 x 2) (8)

- 11.3 The cast member 6 might have been any character so he/she would have to change his/her tone to that of a neutral narrator – conveying information with expression and energy without a particular character's quality. The narrator is a storyteller and tells the audience what the maidens had to do. (3)

<b>Order level</b>	<b>Difficulty level</b>	<b>Percentage</b>	<b>Marks</b>	<b>Questions</b>
<b>Analysis/Synthesis/Evaluation</b>	Higher Order	30	4	11.1 (1) 11.2 (2) 11.3 (1)
<b>Application</b>	Middle Order	40	6	11.1 (1) 11.2 (4) 11.3 (1)
<b>Knowledge and comprehension</b>	Lower Order	30	5	11.1 (2) 11.2 (2) 11.3 (1)

<b>LO 1</b>		
<b>LO 3</b>	<b>AS 1</b>	<b>AS 2</b>
11.1		4
11.2		6
11.3		5

[15]

**VRAAG 12**

Die volgende is voorstelle. Die kandidate bring hul eie ervaring en opinie na die antwoord en erkenning moet daarvoor gegee word. Die bronne is daar vir die leerders om na te verwys, maar hulle kan dikwels buite die bronne antwoord.

- 12.1 Een punt toegeken vir die dans-/bewegingvorm (bv. Ballet, hip-hop, klopdanse, moderne danse, Spaans, rubberstewel ens.)

Punte		Beskrywers (Bewyse)
6-7	Goed	Kandidaat verstaan wat die dansvorm behels en is in staat om bespreek hoe dit gepas is vir opvoering uit 'n gehooroogpunt en uit die oogpunt van die dansers. Die kandidaat kan ook die waarde van die dans as 'n kommunikasiemiddel verduidelik. Kandidaat demonstreer uitstekende tegniese vaardigheid in die gekose dansvorm.
3-5	Gemiddeld	Kandidaat kan verduidelik hoe die dansvorm lyk. Sy/Sy kan bespreek hoe dit gepas is vir opvoering uit 'n gehooroogpunt en kan kommentaar lewe oor die dansstyl uit die dansers se oogpunt. Kandidaat demonstreer tegniese vaardigheid in die gekose dansvorm.
0-2	Swak	Kandidaat kan gedeeltelik verduidelik hoe die dansvorm lyk. Maak dikwels staat op 'n beskrywing van kostuum eerder as die dans self. Antwoord is eenvoudig.

(7)

- 12.2 'n 'Alles-Afrika'-dansgebeurtenis is opwindend omdat dit beteken dat Suid-Afrikaners die kans gegun word om te wys waartoe hulle in staat is en die verskeidenheid verskillende style dans/beweging wat uit SA kom. Dit is relevant vir ons gemeenskappe. Dit beteken nie alle swart Afrikane nie, maar alle Suid-Afrikaners.

Punte		Beskrywers (Bewyse)
3	Goed	Kandidaat verstaan die waarde van 'n plakkaat as 'n adverteermiddel vir 'n opvoering. Hy/sy kan verwys na die grootte van die letters, die datums (duidelik sigbaar) en inligting oor waar die produksie gehou gaan word. Die kreatiewe aspek word aangedui deur die kandidaat se eie reaksie op die woorde wat uit die dansers se liggame kom wat lyne naboots wat wys dat die liggaam beweeg. Kandidaat demonstreer 'n hoëvlak van kritiese en kreatiewe denke.

2	Gemiddeld	Kandidaat kan die waarde van 'n plakkaat as 'n adverteermiddel vir 'n opvoering verduidelik. Hy/sy verwys na ten minste een van die volgende: die letters, die datums (duidelik sigbaar) en inligting oor waar die produksie gehou gaan word. Die kandidaat sal moontlik nie na die kreatiewe aspek van die plakkaat verwys nie. Kandidaat demonstreer 'n redelike vlak van kritiese en kreatiewe denke.
0-1	Swak	Kandidaat kan nie die waarde van 'n plakkaat as 'n adverteermiddel vir 'n opvoering verduidelik nie. Hy/sy verwys vaagweg na iets op die plakkaat om die antwoord te ondersteun. Antwoord eenvoudig.

(3)

- 12.3 Die antwoord moet wees dat dit moontlik 'n gehoor sal trek, maar erkenning moet aan die kandidaat gegee word wat negatief antwoord, solank dit deur 'n logiese, deurdagte argument ondersteun word (1 punt). (5)
- 12.4    12.4.1 Kandidaat moet die konteks (agtergrond en omstandighede) van die individuele item beskryf. In die antwoord moet die omgewing waaruit die karakter spreek en die situasie waarin die karakter is wat tot die woorde lei wat die karakter spreek, bespreek word (3)
- 12.4.2 Kandidaat moet die proses bespreek wat gevolg word vir opvoering. Dit kan 'n gestruktureerde metode wees (bv. Stanislavski) of 'n proses wat die skool/onderwyser opgestel het om die kandidaat te help die stuk om voor te berei vir die opvoering.

Punte		Beskrywers (Bewyse)
7-8	Baie Goed	Kandidaat beskryf die proses in detail van die keuse tot oefening tot die finale opvoering, en gee spesifieke voorbeeld van elke stap. Die antwoord toon 'n duidelike begrip dat die opvoering 'n logiese proses is en nie net 'n produk nie en dat harde werk en teorie hand aan hand met kreatiwiteit gaan. Kandidaat demonstreer 'n hoë vlak van kritiese, insiggewende en kreatiewe denke wanneer die proses geanalyseer word.
5-6	Bevredigend	Kandidaat beskryf die proses van die keuse tot oefening tot die finale opvoering en gee voorbeeld van elke stap. Die antwoord toon 'n begrip dat opvoering 'n proses is en nie net 'n produk nie. Kandidaat demonstreer 'n redelike vlak van kritiese, insiggewende en kreatiewe denke wanneer die porsies ontleed word.
3-4	Gemiddeld	Kandidaat beskryf sommige van die prosesse maar fokus op hoe die stuk opgevoer is in meer besonderhede. Die oefeningproses word op 'n algemene manier hanteer. Kandidaat demonstreer 'n redelike vlak van kreatiewe denke wanneer die proses ontleed word.
0-2	Swak	Kandidaat maak eenvoudige stelling oor wat hy/sy gedoen het. Onnodige stellings word gemaak – bv. 'Ek moet die woorde leer en besluit waar om op die verhoog te staan.' Kandidaat het duidelik 'n item opgevoer, maar maak staat op oppervlakkige stellings wat op enige opvoering van toepassing kan wees.

(8)

12.4.3 Hierdie evaluering kan 'n bespreking insluit van watter aspekte van die individuele stuk verbeter kan word en wat goed gegaan het.

Punte		Beskrywers (Bewyse)
4	Baie goed	Kandidaat gebruik gepaste terminologie om die sukses van die stuk te verduidelik en hoe veranderinge aangebring kan word om dit te verbeter. Spesifieke, konkrete voorbeeld word gegee om die kandidaat se antwoord te ondersteun. Kandidaat demonstreer 'n hoë vlak van reflektiewe denke en kennis van opvoering.
3	Bevredigend	Kandidaat verduidelik die sukses van die stuk en hoe veranderinge aangebring kan word om die stuk te verbeter. Voorbeeld word gegee om die kandidaat se antwoorde te ondersteun, maar dit is nie altyd duidelik nie. Kandidaat demonstreer 'n redelike vlak van reflektiewe denke en kennis van opvoering.
2	Gemiddeld	Kandidaat verduidelik die sukses van die stuk en hoe veranderinge aangebring kan word om die stuk te verbeter. Voorbeeld ontbreek. Kandidaat demonstreer 'n vlak van kennis van opvoering.
1	Swak	Kandidaat maak stellings oor die stuk. Meer dikwels per ongeluk korrek as vooraf beplan. Voorbeeld ontbreek.

(4)

Ordevlak	Moeilikheids-vlak	Persentasie	Punte	Vrae & punte
<b>Analise/Sintese/Evaluering</b>	Hoër orde	30	9	12.1 (3) 12.2 (1) 12.3 (1) 12.4.2 (2) 12.4.3 (2)
<b>Toepassing</b>	Middelorde	40	12	12.1 (3) 12.2 (1) 12.3 (2) 12.4.1 (2) 12.4.2 (3) 12.4.3 (1)
<b>Kennis en begrip</b>	Laer orde	30	9	12.1 (1) 12.2 (1) 12.3 (2) 12.4.1 (1) 12.4.2 (3) 12.4.3 (1)

	LO 1		LO 4			
	AS 1	AS 2	AS 1	AS 2	AS 3	AS 4
12.1	4			3		
12.2				3		
12.3	2				3	
12.4.1		3				
12.4.2		2			4	2
12.4.3						4

[30]

**VRAAG 13**

Die volgende is voorstelle. Die kandidate bring hul eie ervaring en opinies na die antwoorde en erkenning moet daaraan gegee word.

13.1

Punte	Beskrywer (Bewyse)
12-15	Uitstekend Kandidaat het uitstekende begrip van teaterterminologie en kan dit op die aanhaling toepas. Kandidaat kan oor lewendige opvoering nadink, dit vergelyk en evalueer deur gespesialiseerde woordeskaf te gebruik om die voorstelling van waardes en menslike ervaring in die veranderende Suid-Afrikaanse teater te verduidelik en te regverdig. Kandidaat kan na eie ervaring verwys wanneer die vrae beantwoord word. Kandidaat demonstreer hoë vlak van insig en kultuurregverdigheid in antwoord.
9-11	Goed Kandidaat het 'n goeie begrip van teaterterminologie en kan dit op die aanhaling toepas. Kandidaat kan oor lewendige opvoerings nadink, dit vergelyk en evalueer deur gespesialiseerde woordeskaf te gebruik om die voorstelling van waardes en menslike ervaring in die veranderende Suid-Afrikaanse teater te verduidelik en te regverdig. Kandidaat probeer om na eie ervaring te verys wanneer die vrae beantwoord word. Kandidaat demonstreer 'n redelike vlak van insig en kultuurregverdigheid in antwoord.
6-8	Gemiddeld Kandidaat het begrip van teaterterminologie en kan dit op 'n basiese vlak op die aanhaling toepas. Kandidaat kan lewendige opvoering ontleed en beskryf deur gespesialiseerde woordeskaf te gebruik om die voorstelling van waardes en sommige menslike ervaring in die veranderende Suid-Afrikaanse teater te beskryf. Kandidaat kan nie duidelik verbinding vind met eie ervaring nie. Kandidaat bied antwoord op 'n kultuurregverdigde manier aan.
4-5	Elementêr Kandidaat het gedeeltelike begrip van teaterterminologie, maar skryf oor terminologie as apart van die aanhaling. Kandidaat probeer om aspekte van lewendige opvoering te beskryf deur baie min gespesialiseerde terme te gebruik om gedeeltelik die veranderende Suid-Afrikaanse teater te beskryf. Kandidaat kan nie 'n duidelike verbinding vind met eie ervaring nie. Kandidaat pas kennis op 'n meganiese manier toe en kan nie eie persoonlike antwoord formuleer nie.
0-3	Swak Kandidaat het nie begrip van teaterterminologie nie, maar kan op 'n basiese vlak verbind met aspekte van die aanhaling. Kandidaat probeer om aspekte van lewendige opvoering te beskryf, maar kan nie enige gespesialiseerde terme akkuraat gebruik om die veranderende Suid-Afrikaanse teater te beskryf nie. Kandidaat probeer nie om verbinding met eie ervaring te vind nie. Kandidaat toon min baiese operasionele kennis.

Ordevlak	Moeilikheids-vlak	Persentasie	Punte	Vrae & punte
<b>Analise/Sintese/Evaluering</b>	Hoër vlak	30	4	13.1
<b>Toepassing</b>	Middelvlak	40	6	13.1
<b>Kennis en begrip</b>	Laer vlak	30	5	13.1

	<b>LO 4</b>			
	<b>AS 1</b>	<b>AS 2</b>	<b>AS 3</b>	<b>AS 4</b>
13.1	15			

(Oorvleuel met ander LU4-areas)

**[15]****13.2**

Punte		Beskrywer (Bewyse)
12-15	Uitstekend	Kandidaat het uitstekende begrip van teater-/filmterminologie en kan dit op die aanhaling toepas. Kandidaat kan oor film nadink, dit vergelyk en evalueer deur gespesialiseerde woordeskat gebruik om die voorstelling van waardes en van menslike ervaring in die veranderende Suid-Afrikaanse filmindustrie te verduidelik en te regverdig. Kandidaat kan na eie ervaring verwys wanneer die vrae beantwoord word. Kandidaat demonstreer hoe vlak van insig en kultuurregverdigheid in antwoord.
9-11	Goed	Kandidaat het goeie begrip van teater-/filmterminologie en kan dit op die aanhaling toepas. Kandidaat kan oor film nadink, dit vergelyk en evalueer deur gespesialiseerde woordeskat te gebruik om die voorstelling van waardes en van menslike ervaring in die veranderende Suid-Afrikaanse filmindustrie te verduidelik. Kandidaat probeer om na eie ervaring te verwys wanneer vrae beantwoord word. Kandidaat demonstreer redelike vlak van insig en kultuurregverdigheid in antwoord.
6-8	Gemiddeld	Kandidaat toon begrip van teater-/filmterminologie en kan dit op 'n basiese vlak op die aanhaling toepas. Kandidaat kan film ontleed en beskryf deur gespesialiseerde woordeskat te gebruik om die voorstelling van waardes en sommige menslike ervaring in die veranderende Suid-Afrikaanse filmindustrie te beskryf. Kandidaat kan nie 'n duidelik verbinding met eie eraring vind nie. Kandidaat bied sy/haar antwoord op 'n kultuurregverdigte manier aan.
4-5	Elementêr	Kandidaat het begrip van teater-/filmterminologie, maar skryf oor terminologie as apart van aanhaling. Kandidaat probeer om aspekte van film te beskryf deur baie min gespesialiseerde terme te gebruik om die veranderende Suid-Afrikaanse filmindustrie gedeeltelik te verduidelik. Kandidaat pas kennis op 'n meganiese manier toe en kan nie eie persoonlike antwoord formuleer nie.
0-3	Swak	Kandidaat het geen begrip van teater-/filmterminologie nie, maar kan dit op 'n basiese manier met aspekte van die aanhaling verbind. Kandidaat probeer om aspekte van film te beskryf, maar kan nie enige gespesialiseerde terme akkuraat gebruik om die veranderende Suid-Afrikaanse filmindustrie te beskryf nie. Kandidaat probeer nie om verbinding met eie ervaring te vind nie. Kandidaat toon baie min basiese operasionele kennis.

<b>Order level</b>	<b>Difficulty level</b>	<b>Percentage</b>	<b>Marks</b>	<b>Questions</b>
<b>Analysis/Synthesis/Evaluation</b>	Higher Order	30	4	13.2
<b>Application</b>	Middle Order	40	6	13.2
<b>Knowledge and comprehension</b>	Lower Order	30	5	13.2

	<b>LO 4</b>			
	<b>AS 1</b>	<b>AS 2</b>	<b>AS 3</b>	<b>AS 4</b>
13.2	15			

(Oorvleuel met ander LU4-areas)

**[15]****13.3**

Punte		Beskrywer (Bewyse)
12-15	Uitstekend	Kandidaat het uitstekende begrip van terminologie wat gebruik word om kulturele opvoering en ritueel te bespreek, en kan dit op die aanhaling toepas. Kandidaat kan oor inheemse opvoering nadink, dit vergelyk en evalueer deur gespesialiseerde woordeskaf te gebruik om die voorstelling van waardes en van menslike ervaring in kulturele opvoering en ritueel te verduidelik en te regverdig. Kandidaat kan na eie ervaring verwys wanneer vrae beantwoord word. Kandidaat demonstreer hoë vlak van insig en kultuurregverdigheid in antwoord.
9-11	Goed	Kandidaat het goeie begrip van terminologie wat gebruik word om kulturele opvoering en ritueel te bespreek en kan dit op die aanhaling toepas. Kandidaat kan oor inheemse opvoering nadink, dit vergelyk en evalueer deur gespesialiseerde woordeskaf te gebruik om die voorstelling van waardes en van menslike ervaring in kulturele opvoering en ritueel te verduidelik. Kandidaat probeer om na eie ervaring te verwys wanneer die vrae beantwoord word. Kandidaat demonstreer 'n redelike vlak van insig en kultuurregverdigheid in antwoord.
6-8	Gemiddeld	Kandidaat het begrip van terminologie wat gebruik word om kulturele opvoering en ritueel te bespreek en kan dit op 'n basiese vlak op die aanhaling toepas. Kandidaat kan inheemse opvoering ontleed en beskryf deur gespesialiseerde woordeskaf te gebruik om die voorstelling van waardes en sommige menslike ervarings in kulturele opvoering en ritueel te beskryf. Kandidaat kan nie 'n duidelik verband met eie ervaring vind nie, maar bied antwoord op 'n kultuurregverdigende manier aan.
4-5	Elementêr	Kandidaat het beperkte begrip van terminologie wat gebruik word om kulturele opvoering en ritueel te bespreek, maar skryf oor terminologie as apart van die aanhaling. Kandidaat probeer om aspekte van inheemse opvoering te beskryf deur baie min gespesialiseerde terme te gebruik om kulturele opvoering en ritueel gedeeltelik te verduidelik. Kandidaat kan nie 'n duidelike verband met eie ervaring vind nie. Kandidaat pas kennis op 'n meganiese manier toe en kan nie eie persoonlike antwoord formuleer nie.
0-3	Swak	Kandidaat het nie begrip van terminologie wat gebruik word om kulturele opvoering en ritueel te bespreek nie, maar kan op 'n basiese vlak met aspekte van die aanhaling verbind. Kandidaat probeer om aspekte van inheems opvoering te beskryf, maar kan nie enige gespesialiseerde terme akkuraat gebruik om kulturele opvoering en ritueel te bespreek nie. Kandidaat probeer nie om 'n verband te vind met eie ervaring nie. Kandidaat toon min basiese operasionele kennis.

Ordevlak	Moeilikheids-vlak	Persentasie	Punte	Vrae
<b>Analise/Sintese/Evaluering</b>	Hoër vlak	30	4	13.3
<b>Toepassing</b>	Middelvlak	40	6	13.3
<b>Kennis en begrip</b>	Laer vlak	30	5	13.3

	<b>LO 4</b>			
	<b>AS 1</b>	<b>AS 2</b>	<b>AS 3</b>	<b>AS 4</b>
13.3	15			

(Oorvleuel met ander LU4-areas)

[15]

**TOTAAL AFDELING C:** 60**GROOTTOTAAL:** 150